

Woensdag 18 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 16:13-24

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 16:22; HK Sondag 31, Antwoord 85

Die wese van die kerklike tug

Daar heers by baie mense 'n groot onkunde oor die doel, funksionering en betekenis van die kerklike tug. Die gevolg is dat daar allerlei ongegronde bewerings gemaak word indien die kerk dit sou waag om die kerklike tug uit te oefen. Mense vergeet dat die handhawing van die kerklike tug een van die kenmerke van die ware kerk is.

Dikwels word die Christelike of kerklike tug voorgestel as 'n liefdelose optrede van hooghartige ampsdraers waardeur van sogenaamde moeilike of lastige lidmate ontslae geraak word. Wie so dink, weet duidelik nie waarom dit gaan in die kerklike tug nie. Dit gaan daarin immers juis om die liefde van God deur Christus vir die mens. 'n Mens kan dit so stel: *In die kerklike tug het ons te doen met die mens se antwoord op God se liefdesaanbod van ewige redding en verlossing deur Jesus Christus*. Daarom word die wese en inhoud van die kerklike tug in die woorde van Paulus saamgevat: “As iemand die Here nie liefhet nie, laat hom vervloek wees.”

Christus het deur sy borgtogtelike lyding en sterwe in liefde sy hande na ons, verlore gaande sondaars, uitgesteek om ons te red. Nou verwag, ja, eis Hy van ons om in wederliefde daarop te antwoord deur sy reddingsdaad in geloof en liefde aan te neem.

As ons hierdie onbeskryflike groot liefde egter ignoreer of verwerp, dan is ons volgens Paulus vervloektes op wie die ewige oordeel van God wag. Aan-gesien die kerk die liggaam van Christus is waarin daar net plek is vir hulle wat Hom waarlik liefhet, moet dié wat Hom nie liefhet nie en op wie God se vervloeking rus, ook uit die kerk geweer word. *Dit word gedoen deur die kerklike tug of sensuur*.

Dan tree die volgende bevel van Paulus in werking: “Verwyder tog die slegte mens onder julle uit” (1 Kor. 5:13). Hoe drasties daar teen so 'n persoon opgetree moet word, blyk uit 1 Korintiërs 5:11 waarvolgens Paulus sê: “Nou skryf ek aan julle om nie te meng met iemand wat 'n gelowige genoem word, maar 'n onsedelike of 'n gierigaard is, of 'n afgodedienaar of kwaadprater of 'n dronkaard of 'n rower nie; met so iemand moet julle nie eers saam eet nie” (2014-vertaling). Die kerklike tug word dus toegepas op mense wat die Here nie liefhet nie (1 Kor. 6:22).

Die vraag is egter: Hoe weet ons dit? Die antwoord is dat dit in 'n mens se daaglikse lewe geopenbaar word. Christus sê self: “As julle My liefhet, sal julle my opdragte gehoorsaam” (Joh. 14:15, 2014-vertaling). En Johannes sê: “Die liefde van God bestaan dan daarin dat ons sy gebooië gehoorsaam” (1 Joh. 5:3).

So kan uit ons optrede gesien word of ons die Here liefhet of nie. Daar-volgens kan die tug as sleutel van die koninkryk van die hemel gehanteer word.

